# ARCHER/PINEHURST

*Jou tuiste weg van die huis… / Your home away from home…*

**NUUSBRIEF/NEWSLETTER**

25/06/2011




## PINEHURST-PLEIN

U het seker al almal die "nuwe" voorkoms van Pinehurst se voorplein gesien - werklik iets besonders!

Ook het die nuwe palissadeheining die voorkoms van Pinehurst en Huis Archer baie verbeter.

Baie dankie aan almal wat deel hieraan gehad het. Dit is maar net die begin - hou hierdie spasie dop!

**SPORTPRESTASIES:**

**Baie geluk aan die volgende koshuisleerders wat uitsonderlik presteer het**:

Rudolph Serfontein - bronsmedalje by die SA Karatekampioenskappe [Uitenhage]


Percy Williams - gekies vir die SWD Cravenweekspan [Kimberley]

Bradley Jumaats - gekies vir die SWD Cravenweekspan [Kimberley]

Keagan Fortuin - gekies vir die SWD Akademiespan [Johannesburg]

Lizanne Bothma - gekies vir die Wes-Kaap Netbalspan

Amelia Calitz - gekies vir die SWD 0/18B-hokkiespan



## KOSHUISRAADBESLUITE

- Die Hoofleiers van Pinehurst en Huis Archer sal voortaan insette lewer tydens Koshuisraadvergaderings.
- Hierdie nuusbrief sal aan die einde van elke kwartaal saam met die rapporte uitgaan.


**GELUK OOK AAN …**

- Suzaan Lategan, Derna Stemmet en Coetzee Geyser - Finaliste vir Mnr. & Mej. Struisie;
- Marette Vorster [Gr 8], Anica Potgieter [Gr 11] en Rosie de Bod [Gr 12] - almal op die Top 10 Merietelys verlede kwartaal;
- Francis Snyman - woon ATKV-kursus vir Jeugleiers in Hartenbos by [4-7 Julie].

## LEKKER VAKANSIE HOU!

Die personeel van Pinehurst en Huis Archer wens al die leerders en hul ouers 'n aangename wintervakansie toe. Mag dié wat gaan reis, veilig terugkom.

Baie dankie ook aan ons getroue personeel wat net altyd hul beste gee. Geniet die ruskans en kom met nuwe ywer terug volgende kwartaal.



## KONTAKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| **SKOOLHOOF**: Mnr. Johan Claassen | 044-2791623 | johan@oudhs.wcape.school.za |
| **PINEHURST**: | | |
| Superintendent: Mnr. Gerrit Rudolph | 044-2791755 | gerritrudolph@yahoo.com |
| Huismoeder: Mev. Franzie Steynberg | 044-2726155 | |
| **Diensdoende Personeel**: | | |
| Me Yvonne Robinson | 044-2794061 | |
| Me Deoni Brand | 084-6556505 | |
| Me Marianne Niehaus | 078-5025966 | |
| **HUIS ARCHER**: | | |
| Superintendent: Mnr. Dave van der Walt | 044-2722580 | davesus@mweb.co.za |
| Huismoeder: Mev. Susan van der Walt | 044-2722580 | |
| **Diensdoende Personeel**: | | |
| Mnr. Stephan Viljoen | 073-1559999 | |
| Mnr. Gerrit Oosthuizen | 072-9467562 | |
| Mnr. Christo Serfontein | 044-2792753 | |
| Mnr. Lammie Brink | 084-6556505 | |

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za


## VEILIGHEIDSHEKBELEID

Na baie jare kan Pinehurst en Huis Archer spog met 'n pragtige en veilige omheining. Die doel daarvan is om die tuisomgewing van ons leerders so veilig moontlik te maak. Daarom het ons almal se samewerking nodig om 'n stelsel te ontwikkel wat effektief werk. Ons is tans besig om nog te eksperimenteer en daar mag dus aanpassings kom. U insette is ook baie welkom.

Daar is drie [3] groot, elektriese motorhekke en twee [2] klein voetgangerhekke. Die motorhekke is toegerus om van binne af outomaties oop te gaan sodra 'n voertuig oor die wit blok ry. Van buite af moet dit egter met 'n afstandbeheerkontrole oopgemaak word. Die voetgangerhekke is met 'n elektroniese drukknopstelsel toegerus wat met 'n kode werk, maar ook met 'n slot kan sluit.

**VOERTUIGHEKKE [ARCHER & PINEHURST]**

Die hekke by Archer en Pinehurst sal op die volgende tye oop wees vir ouers om leerders af en op te laai [die diensdoende onderwyser moet toesien dat dit geskied]



| | |
|---|---|
| SONDAG: | 16:00 – 20:00 |
| MAANDAG: | Winter – 06:30 – 08:00 |
| | Somer - 06:15 – 07:45 |
| VRYDAG: | Winter – 13:00 – 14:30 |
| | Somer - 13:00 – 14:00 |

Indien ouers deur die loop van die oggend iets wil afgee, moet hulle asseblief die middelste hek by Pinehurst [na kombuis] gebruik. Daar is 'n telekomstelsel waarmee u die kombuispersoneel kan kontak om oop te maak. Op sport-Saterdae sal die hekke ná die eerstespan-rugbywedstryd vir een uur oop wees.

**VOETGANGERHEKKE [ARCHER & PINEHURST]**

Hierdie hekke sal toegang & uitgang verleen deur middel van die elektroniese drukknopstelsel met 'n kode wat elke leerder sal ken. Die hekke sal egter elke aand deur die diensdoende onderwyser ook met die slot gesluit word vir beter veiligheid en weer elke oggend oopgesluit word. Die kode sal van tyd tot tyd aangepas word.

**† Die personeel en leerders van Pinehurst en Huis Archer wil graag hulle innige simpatie betuig met Suzanne en hul gesin met die heengaan van haar vader, mnr. Gerrit Lategan. Ons dra die Lategan-gesin in ons gebede op aan die Here in hierdie moeilike tyd.**